

Peter D. McDonald

*The Literature Police: Apartheid, Censorship
and Its Cultural Consequences*

Oxford: Oxford University Press, 2009.
416 pp. ISBN 978-0-19-928334-7

Oor die hele geskiedenis van die beheer oor publikasies in die apartheidsjare in Suid-Afrika en die wyse waarop akademies geskoolde letterkundiges bereid was om as kollaborateurs met die regering aan 'n korrupte stelsel saam te werk, was daar tot dusver net verspreide opstelle en enkele kritiese studies beskikbaar. Die meeste hiervan – J.C.W. van Rooyen se *Publikasiebeheer in Suid-Afrika* (1978), P.B. Geldenhuys se *Pornografie, sensuur en reg* (1977) en C. Merrett se *A Culture of Censorship* (1994) – is egter vandag verouderd.

In *The Literature Police* vertel Peter D. McDonald nie alleen op voortreflike wyse die volledige verhaal nie, maar maak hy ook, deur die beskikbaarstelling van skrywers se persoonlike dokumentasie en argivale materiaal van die sensors se verslae, gegewens bekend waarvan die lesende publiek tot dusver nie geweet het nie. Dit is 'n triestige stuk geskiedenis wat hier ontvou. McDonald wys op die groteske kulturele gevolge wanneer letterkundiges, wat belangrike werk binne die relatief outonome gebied van die kultuur kon doen en 'n bydrae tot hul vak kon lewer, die sanksionering van 'n regering ontvang om as polisie op te tree met die mag om boeke te verban. Van die inligting wat hy verstrekk, grens soms aan die ongelooflike en sorg terselfdertyd vir hoogs lagwekkende momente.

McDonald gaan haal sy verhaal in 1824 toe die Britse goewerneur lord Charles Somerset die tweede uitgawe van Thomas Pringle en John Fairbairn se *South African Journal* oor 'n artikel in verband met die mislukte skema van immigrasie van die Britse setlaars in die Oos-Kaap verbied het. Dit is verleidelik, sê hy, om hierdie vroeë setlaarsgeskiedenis as 'n sinistere voorafskaduwing te sien van die wyse waarop die literatuur en die vrye meningsuiting sedert die publikasiewetgewing van die jare sestig en sewentig van die vorige eeu onderdruk is, maar daar is waarskynlik geen kousale verband met die gebeure in die negentiende eeu nie. Die markantste aspek van die stelsel wat die Nasionale regering in 1963 in werking gestel het, was om haas onbeperkte mag in die hande te plaas van 'n groep sensors wat hulself beskou het as die liberaal-nasionalistiese handhawers van dit waarmee Pringle en Fairbairn in 1824 begin het.

Terwyl die Cronjé-kommissie in 1957 drakoniese maatreëls soos sensuur vóór publikasie, die afskaffing van appèl na die howe en die lisensiëring van alle drukkers,

uitgewers en boekhandelaars aanbeveel het, alles met die doel om die 'geestelike welsyn van die volk' te verseker, was die wetgewing van 1963 teen dié agtergrond waarskynlik, in elk geval op papier, 'n milder manifestasie van die heerserswil. In die wet is daar geen sprake van presensuur nie, die moontlikheid van appèl na die houe word gehandhaaf en die waarskynlike leser van 'n bepaalde werk word in ag geneem om die ongewensheid al dan nie daarvan vas te stel. In vergelyking met die vroeëre verslag was daar dus sekere konsessies, 'n toegewing wat daartoe gelei het dat N.P. van Wyk Louw bereid was om met die betrokke minister te gaan praat om persone soos Abel Coetzee en Abraham H. Jonker, wat albei graag voorsitter wou word maar bedenkbare keuses sou gewees het, uit die Raad te weer en Gerrit Dekker, toe pas afgetrede hoogleraar aan die Potchefstroomse Universiteit, aangestel te kry.¹ Dekker het op sy beurt gesorg dat drie van sy oudstude, A.P. Grové, T.T. Cloete en Merwe Scholtz, met behoud van hul onderskeie universiteitsposte in 'n deeltydse hoedanigheid as sensors optree en dat C.J.D. Harvey van Stellenbosch as Engelse literator sitting in die Raad verkry.

In navolging van Ampie Coetzee bestempel McDonald dié toegewing as 'n "fatal compromise" (McDonald 2009: 38, 161). Dit is 'n uitspraak wat debatteerbaar is, aangesien Van Wyk Louw se kompromie ten minste daarvoor gesorg het dat Afrikaanse boeke, wat seker deur Abel Coetzee of Jonker verbied sou gewees het, deurgelaat is en dit tot ná Dekker se uittrede sou duur voordat 'n Afrikaanse boek (André P. Brink se *Kennis van die aand*) verbied is. 'n Mens moet McDonald egter gelyk gee dat die deelname van Afrikaanse literatore en skrywers aan die sisteem 'n sekere legitimiteit kon verleen wat die sensors op 'n vreemde wyse van vyande tot bondgenote verhef het.

Die wet op sigself gaan egter uit van die basiese foutiewe veronderstelling dat daar – met die gebruik van die bekende beginsels van funksionaliteit, hegte bou en selfgenoegsaamheid – 'n konsensus bestaan oor wat literatuur is en hoe dit geëvalueer kan word. Dikwels spreek daar uit die verslae 'n aanmatigende selfversekerdheid ten opsigte van sake waarvoor denkers oor die literatuur oor die eeue heen hulle met groot omsigtigheid uitgelaat het. Telkens was buitelandse uitgewers die prooi van die onvoorspelbaarheid van die sensors se literêre 'voogdyskap.' Ligte romans vir blote verstrooiing, wat volgens hulle nie onder die noemer 'literatuur' ressorteer nie – boeke van skrywers soos Wilbur Smith en

¹McDonald beweer Dekker was "the author of the monumental *Afrikaanse literatuurgeskiedenis* [. . .], at the time the most senior, and widely respected, critic in the Afrikaans literary world [. . .] and the most important champion of the Dertigers." (McDonald 2009: 30). In die tyd waarvan McDonald hier skryf, was Dekker se literatuurgeskiedenis met sy talle bywerkings as gevolg van die lukrake periodisering, die talryke foutiewe feitelike besonderhede en die dikwels hoogs aanvegbare oordeelsfoute lank nie meer die 'monumentale' werk wat die vroeëre uitgawes was nie. Daardie eer kom Rob Antonissen met *Die Afrikaanse letterkunde van aanvang tot hede* (1955) toe. Uit lojaliteit was hy wel hoog gerespekteer onder sy oudstude, maar baie letterkundiges buite daardie kring het bedenkinge gehad oor dié hoë aansien. Dat Louw in sy radiopraatjie by geleentheid van die jubelaris se sestigste verjaardag Dekker kon bestempel as die belangrikste verdediger van die Dertigers se poësie, moet 'n mens eerder in die konteks van 'n huldiging as 'n reaksie lees op F.E.J. Malherbe, die ander belangrike literator van Dekker se geslag, wat graag as ontdekker van nuwe talente die 'tamboer' wou slaan. Die persoon wat indertyd met veel meer insig en korrekte oordeel as Dekker oor die poësie van Dertig geskryf het, was H.A. Mulder. Daarom ook dat Van Wyk Louw en W.E.G. Louw hom, en nie Dekker nie, by die oprigting van *Standpunte* in 1945 uitgenooi het om tot die redaksie toe te tree.

Stuart Cloete byvoorbeeld –, is op morele gronde verbied. Die veronderstelling dat groot literatuur bo die tydgenootlike politiek behoort uit te styg, het verder daartoe gelei dat Brink se *Kennis van die aand* (1973), Jack Cope se *The Dawn Comes Twice* (1969), twee romans van C.J. Driver en sommige van Nadine Gordimer se eerste werke verbied is. Gordimer se betreklik onskadelike verhaal oor veelrassige geselligheid, *A World of Strangers*, is in 1958, dus vóór die wetgewing van 1963, in hardeband deurgelaat, maar die goedkoper Penguin-sagteband is later verbied. Met die groeiende internasionale status van Gordimer in die jare tagtig het die sensors versigtiger geraak en haar romans wrokkig goedgekeur, terwyl alles van J.M. Coetzee deurgelaat is, al is besendings van sy eerste werke wat deur Britse uitgewers onderneem is, in die Kaapstadse hawe voorgekeer en aan die Raad voorgelê. Met verwysing na die lot van baie van sy medeskrywers sê Coetzee: “I regard it as a badge of honour to have had a book banned in South Africa. This honour I have never achieved nor, to be frank merited” (Coetzee 1992: 300).² Swart skrywers soos Peter Abrahams, Alfred Hutchinson, Alex le Guma, Es’kia Mphahlele en Todd Matshikiza, is buitengewoon stief behandel en van hul werke is by herhaling verbied, terwyl ná die verbod op *Kennis van die aand* in 1974 en Leroux se *Magersfontein, o Magersfontein!* in 1977 ook werk van ander Afrikaanse skrywers soos André le Roux, Welma Odendaal en John Miles deurgeloop het. In die geval van Odendaal het dit ’n talentvolle jong skrywer vrywel verwoes en stil gemaak. Die streng wetgewing en die gevaar van finansiële verliese het daartoe gelei dat sommige Britse uitgewers druk op skrywers begin uitoefen het om self hul werk te eksurgeer en vermoedelik aanstootlike tonele uit te sny. Binnelandse uitgewers was, soos Peter Randall van Ravan Press dit stel, soms verplig om vir blote oorlewing selfsensuur toe te pas. McDonald, wat meer krities staan teenoor Koos Human se aktiwiteite by die firma Human & Rousseau, onderskat die besondere waagmoed van ’n jong, ondernemende maar finansiële brose firma in sy aanvangsjare om, téén die immanente gevaar in dat Jonker en Abel Coetzee sitting in die te stigte Publikasieraad sou hê, boeke soos Leroux se *Sewe dae by die Silbersteins* (1962) en Brink se *Lobola vir die lewe* (1962) te publiseer.

Dit alles is aanduiding genoeg van hoe die broeiende klimaat van sensuur sy bouse uitwerking op alle betrokkenes gehad het. Vir die skrywer self, wat waarskynlik jare aan ’n boek gewy het, was ’n verbod die vernietiging van ’n hele stuk van sy lewe. In die geval van die verbod op *Magersfontein, o Magersfontein!* het dit Etienne Leroux in depressies laat versink en ’n stilstand in sy produksie gebring waaruit hy homself slegs met die grootste inspanning los kon worstel. “Being subjected to the gaze of the censor is a humiliating and perhaps even enraging experience,” sê Coetzee in 1990. “It is not unlike being stripped and searched” (Coetzee 1992: 229). Die hele geskiedenis van Leroux se roman het uiteindelik gelei tot ’n keerpunt en die afloop van Lammie Snyman se bewind wat met die in werking stelling van die rigiede wysigingswet van 1973 en die afskaffing van die appèl na die howe die mees onderdrukkende en bedrukkende era in die geskiedenis van sensuur was. Hoewel ’n nuwe bedeling daarna onder J.C.W. van Rooyen gekom het, was die wysigingswet van 1973 tot in die jare negentig nog van krag.

Uit die verslae van die sensors wat McDonald opdiep, is daar baie bizarre momente wat ’n mens heeltemal depressief sou gemaak het indien dit nie so komies was nie. Koot

² Coetzee, J.M. 1992. *Doubling the Point*. Cambridge, Mass.: Harvard University Press.

Vorster, daardie ou grote van die Nederduits Gereformeerde Kerk wat in die Langenhoven-eeupeesjaar van die Sestigters as 'n klomp "vuilspuite" gepraat het (Kannemeyer 1995: 63),³ was nie so gelukkig oor die publikasie van *Kennis van die aand* nie. "As dit kuns is, dan is 'n Sondagskool 'n bordeel," was sy reaksie (Mc Donald 2009: 108) [my vertaling – J.C.K.]. Rita Scholtz, vrou van een van die hoofensors, was op haar dag ook voorsitter van een van die 'deskundige' komitees. Met verwysing na die hoofkarakter in Coetzee se *The life & times of Michael K* (1983) wat in een van die tonele afgesuig word, het haar kennis van seksuele praktyke haar 'n bietjie in die steek gelaat waar sy van die daad praat as cunnilingus pleks van fellatio. Een van die allerergste stukkie geskiedenis uit die Dekker-jare was toe Brink se *Miskien nooit* (1967) net-net 'n verbod vrygespring het en daar 'n staking van stemme in die Publikasieraad was. Merwe Scholtz was met 'n emosioneel gelaaide aanval op Brink die voorperd en 'n felle voorstander dat die roman verbied moes word, terwyl Grové, Cloete en Harvey dit wel wou deurlaat. In dié impasse moes Dekker as voorsitter die verslag opstel en die beslissende stem uitbring ten gunste van *Miskien nooit*. Die sentrale karakter se herinneringe aan sy intieme verhoudings met Asiatiese en Wes-Indiese vroue, was, soos McDonald dit weergee, "acceptable, in Dekker's view, because they occurred abroad (the novel is set in Paris) and so did not amount to a 'direct argument for racial mixing in our country'" (McDonald 2009: 45). 'n Mens is dankbaar dat Dekker 'n weg kon vind om *Miskien nooit* deur te laat, maar jy is verbysterd dat iemand wat veronderstel is om intelligent te wees, so 'n argument op skrif stel en homself op dié wyse belaglik maak. Vir my die toppunt waartoe die sensors in staat was, is die geval waar T.T. Cloete hom probeer slim hou en met 'n soort 'close reading' van 'n gedig die ammunisie vind om 'n bundel van Wopko Jensma te verbied, 'n interpretasie wat McDonald as "extraordinarily but revealingly paranoid" aandui (McDonald 2009: 299). Die obskure reëls van Jensma lui as volg: "and i also know my god boss / his son, soul brother jesus / keeps for me my bottle of red" (McDonald 2009: 301). Na aanleiding van dié reëls skryf Cloete, soos weergegee deur McDonald: "the word 'boss' refers 'to the Bureau of State Security,' the infamous agency founded in 1969 which was known by its acronym, BOSS, but on the other hand, it 'becomes a new overlord, a new boss, whose son, <soul brother jesus>, gives a flask containing something red to the non-whites, and this red cannot be anything other than the red of revolution, and it is not impossible that it is the Communist red'" (McDonald 2009: 301).

McDonald haal op p. 42 Merwe Scholtz aan wat in 'n onderhoud aan hom gesê het die Raad "was committed to an absolute principle: if it was literature, [. . .] it was through" (McDonald 2009: 42). Na aanleiding van dié uitspraak en ten opsigte van die sogenaamde 'konsensus' oor wat literatuur is, wil ek ter aanvulling van McDonald 'n geval noem waarvan ek persoonlik kennis dra. Toe ek in die jare sestig lektor was in Afrikaans en Nederlands aan die Universiteit van Kaapstad en Scholtz professor en hoof van die Departement, lees ek op 'n dag in *Time Magazine* oor John Updike se *Couples* (1968) wat toe pas gepubliseer is en wat vir dié tydskrif só belangrik was dat hulle die skrywer op die omslag geplaas en 'n lang artikel aan sy roman gewy het. Uit die artikel het ek afgelei dat daar probleme gaan wees om dié boek by die Publikasieraad verby te kry. Scholtz het,

³ Kannemeyer, J.C. 1995. *Langenhoven: 'n Lewe*. Kaapstad: Tafelberg.

terwyl ek hom die betrokke uitgawe van *Time* wys, my egter verseker dat geen boek van literêre belang verbied sal word nie. Ek het, in die lig van die verbod op ander prominente skrywers, bedenkinge oor die uitspraak gehad en in my eentjie gedink dat dit 'n geval was van 'famous last words.' Daarom het ek die boek regstreeks bestel van Blackwell in Oxford waar ek destyds 'n rekening gehad het. Ná ontvangs van die boek kry ek op 'n dag Merwe by die Departement. Uit sy tas haal hy 'n eksemplaar van *Couples*. "Is dit die boek waarvan jy gepraat het?" Toe ek bevestigend antwoord, sê hy dat hy twyfel of dié boek deurgelaat sal word en dat hy dit buitendien nie as belangrike literatuur beskou nie. Merwe was dus bereid om teen die oordeel van *Time* se resensent en die latere gunstige reaksies op Updike in te gaan en op 'n aanstootlike manier sy eie oordeel voorop te stel oor wat literatuur is en wat nie. Wat Scholtz in sy onderhoud met die skrywer van *The Literature Police* gesê het, was in elk geval 'n blatante leuen. Dit was 'n vernederende posisie waarin hy en sy konfraters my en baie soos ek as lesers gestel het, want ons moes nou op gesag van Scholtz en sy medesensors aanvaar dat Updike se boek geen literatuur is nie. Geen wonder dat Van Wyk Louw kort voor sy dood in 1970 amper in wanhoop gesê het dat hy die literatuur self wil verken en nie deur die sensors voorgeskryf wil word wat hy mag en nie mag lees nie.

Selfs in die jare nader aan die demokratisering van Suid-Afrika, toe daar 'n algemene verslapping in die rigiede toepassing van sensuur gekom het, kon die wetgewing steeds gebruik word om boeke uit die gemeenskap te weer, al was die wetstoepassers nou nie meer die literêre polisie van weleer nie en het die versoek om 'n verbod uit 'n heeltemal ander hoek gekom. McDonald wys op die geval van Salman Rushdie se *The Satanic Verses* (1988), die laaste belangrike werk wat die prooi van die sensors was. Die beslissing, sê McDonald, was in hierdie geval heel ongewoon, aangesien dit geneem is deur 'n veiligheidskomitee wat in sy verslag 'n uitspraak van die Islamitiese Stigting verbatim aangehaal het: "this work, thinly disguised as a piece of literature, not only grossly distorts Islamic history in general, but also portrays in the worst possible colours the very characters of the prophet Ibrahim and the Prophet Muhammad (peace be on them)" (McDonald 2009: 212). Rushdie se roman word op 28 Oktober 1988 verbied. Op 31 Oktober 1988, drie dae ná die verbod en maande voordat die fatwa in Februarie 1989 uitgespreek is, sou J.M. Coetzee saam met Rushdie by 'n prominente literêre kongres, gesamentlik gereël deur die Congress of South African Writers (COSAW) en die *Weekly Mail*, in Kaapstad optree. Op die laaste oomblik en ná heelwat debat het COSAW, téén die wil en wense van die *Weekly Mail* wat Rushdie se reg om te praat verdedig het, egter besluit om die uitnodiging terug te trek, sogenaamd omdat Rushdie se veiligheid volgens hulle in die lig van die antipatieke geluide uit die Islamitiese gemeenskap nie gewaarborg kon word nie. In plaas van Rushdie het Nadine Gordimer saam met Coetzee opgetree. In sy toespraak het Coetzee daarop gewys dat die stryd teen sensuur taamlik laag op die agenda van die weerstandsbewegings was. Die besluit om die uitnodiging terug te trek, getuig vir hom van blote politieke gediensstigtheid. Dit was syns insiens verkeerd van die organiseerders om aan die eis van fundamentaliste toe te gee en sodoende sensuur oogluikend toe te laat. In haar antwoord namens COSAW was Gordimer, soos sy dit stel, "extremely shocked and surprised and distressed" deur hierdie aanval (in McDonald 2009: 214). Sy erken dat die besluit 'n nederlaag was, maar vir die lede van COSAW was die man se lewe belangriker as 'n stel

beginsels. Hierdie emosionele reaksie van Gordimer het nie verhinder dat die gehoor, te oordeel aan hul reaksie, duidelik Coetzee gesteun het nie.

Na aanleiding van hierdie voorval skryf McDonald:

Characteristically Coetzee emerged from what he later called this 'unforeseen and unsettling public disagreement' with no sense of satisfaction. Indeed, after the fatwa was pronounced in February 1989 and the full implications of the 'Rushdie Affair' became more apparent, he began to question the validity of his own unyieldingly principled position. 'In retrospect,' he observed, 'I think Gordimer in her prudence was right, I was wrong.' The incident had, he said, left him with a 'nagging question': 'why was it so hard to think of anything interesting to say about censorship? Did the discussion of censorship simply belong to politics?' It was in an effort to answer these questions and to enquire into the cultural origins of his own uncompromising position that he began to write the series of essays that were eventually collected in *Giving Offense*. (McDonald 2009: 214)

Oor die algemeen is ek beïndruk met McDonald se betogende styl en met die baie nuwe gegewens wat hy deur sy studie aan die lig bring. Daar is egter kleiner maar tog belangrike onderdele waarop ek van hom verskil.⁴ Op p. 260 verwys hy na die toneel in die vierde hoofstuk van Leroux se *Sewe dae by die Silbersteins* (1962) waarin 'n albino na vore tree wat deur sy besondere samestelling die hele veelkleurige massa verteenwoordig – 'n "natuurfrats" wat 'n "waarheid" bewys en "vir die eerste keer die aansien kry waarop hy volgens alle argumente geregtig is" (Leroux 1962: 90).⁵ Na aanleiding van hierdie toneel sê McDonald: "What complicates Leroux's vision in this novel, [...] is his tendency to absorb the specifically political ills of apartheid into a larger narrative about the advent of an overly rationalistic and morally bankrupt modernity" (McDonald 2009: 260). Ek lei uit hierdie uitspraak af dat McDonald nie tevrede is met Leroux se onsydige of afsydige houding nie en dat hy – soos trouens André Brink en Breyten Breytenbach wat tydens die *Kol*-debat Leroux van 'n wêreldontvlugting beskuldig het – 'n aktiewe 'intrede' van die outeur of 'n daadwerklike optrede deur middel van sy karakter Henry van Eeden verwag. Ek vind dit vreemd dat McDonald so 'n verwagting van Leroux het, terwyl hy, ten spyte van Gordimer se besware teen *The Life & Times of Michael K.*, geen kritiek op J.M. Coetzee se afsydigheid het nie. Leroux het by meer as een geleentheid oor sy posisie as skrywer uitgewei. Teenoor Jan Rabie wat met oortuiging die standpunt ingeneem het dat die besondere probleme van die Suid-Afrikaanse situasie 'n stellinginname van die skrywer vereis en dat hy die taak het om oor die onregte en onregverdigheid in die maatskappy

⁴ Daar is weinig gevalle waar McDonald foutiewe feite verstrek. Op p. 91 sê hy egter die Vereniging vir die Vrye Boek, wat Van Wyk Louw, J. du P. Scholtz en andere in die jare dertig geloods het om die Afrikaanse boek te bevry, slegs twee jaar bestaan het. In werklikheid was dit vyf jaar. Die literêre tydskrif *Kriterium* (p. 95) was nie 'n orgaan van Sestig nie, maar, soos *Ons Eie Boek*, 'n kwartaallikse blad waarin nuwe publikasies bespreek is. Hoewel Van Wyk Louw in 1951 die Afrikaanse Skrywerskring op 'n vergadering van die PEN SA in Lausanne verteenwoordig het, was hy nooit "a prominent figure in the Circle" nie (McDonald 2009: 167).

⁵ Leroux, Etienne. 1962. *Sewe dae by die Silbersteins*. Kaapstad: Human & Rousseau.

verslag te doen, sê Leroux dat hy vry wil wees om te skryf oor dít waarby hy hom obsessieel betrokke voel. In sy tweetalige “Hoekom skryf ’n skrywer oor Magersfontein en hoekom *Magersfontein, o Magersfontein!*” sê Leroux:

I was type-cast by Aksie Morele Standaarde. In a certain sense I was also type-cast by Peter Wilhelm who wrote an excellent article on the banning of *Magersfontein* in an overseas newspaper and then mentioned that I am a member of the Broederbond and that I ‘farm peacefully – hardly a revolutionary.’ I am nót a member of the Broederbond; I find farming difficult; I find myself at one with Nadine Gordimer and Jack Cope and André Brink. I cry to heaven in my own way. (Leroux 1980: 122⁶ in Kannemeyer 2008: 706)⁷

McDonald maak deurgaans in sy boek gebruik van die begrip “*volk avant-garde*” wanneer hy na Van Wyk Louw en sy geslag verwys, ’n begrip wat hy later na die Sestigters as die “*emerging volk avant-garde*” uitbrei (McDonald 2009: 28). Dit is egter vir my ’n uiters dubbelsinnige en onduidelike etikettering wat by voorbaat stigmatiserend moet funksioneer en wat hoegenaamd nie toegepas kan word op figure soos Uys Krige en Elisabeth Eybers nie, laat staan nog op Brink en Breytenbach. Van Wyk Louw noem McDonald die nie-amptelike “poet laureate and conscience of Afrikaner nationalism” (McDonald 2009: 27), maar dit ontgaan hom dat Van Wyk se poësie, en trouens dié van die hele geslag van Dertig, aanvanklik in sommige kringe as volksvreemd en onnasionaal bestempel is en dat hy jare lank die etiket van ’n ‘duister’ digter moes dra: dat sy poësie nie toeganklik was vir die gewone “volk” waarvan hy dan volgens McDonald die mondstuk sou wees nie. In sy kensketsing van aspekte van die kulturele en politieke denke maak McDonald op p. 28 melding van Van Wyk Louw se lidmaatskap van die Broederbond en van sy “unqualified admiration” vir die Nazi’s (McDonald 2009: 28). Van Wyk Louw was nooit werklik ’n aktiewe lid van die Broederbond nie. Sy lidmaatskap het voortgekom uit ’n antipatie teen die Engelse meerderwaardigheid wat hy in sy tyd aan ’n Engelstalige skool en universiteit ervaar het. Sy bewondering vir die Nazi’s was uiters kortstondig en het in elk geval heeltemal verdwyn toe hy begin besef het dat hulle imperialisme ewe erg of nog erger was as dié van die Britse Ryk. Wat Van Wyk Louw se besondere soort nasionalisme betref, laat McDonald na om daarop te wys dat dit van die begin af, met ander woorde lank voordat die begrippe ‘liberale nasionalisme’ en ‘voortbestaan-in-geregtigheid’ deel van sy denkstruktuur geword het, sterk vermeng was met die bo-nasionale ideaal om die Afrikaner en sy literatuur, soos Lodewijk van Deyssel dit stel ten opsigte van Nederland, hoog op te stoot in die vaart van die volke. Daar was by Van Wyk Louw van vroeg af ’n beweging weg van ’n koloniale agterstraat vir Afrikaans en sy letterkunde. In ’n lesing wat hy in Maart 1936 op Stellenbosch hou, later opgeneem in sy bundel *Berigte te velde* (1939), sê hy:

As Afrikaans by die tipiese, by die *besondere wat altyd die onware is*, bly; as hy by die lokale bly, dan is hy tot doodloop gedoem. Solank ons sê dít of dát pas wel in die Europese tale maar nie in Afrikaans nie; dat enige hartstog of gedagte wat ’n Afrikaanse mens beleef of gedink het, prinsipieel nie in ons letterkunde pas nie, is

⁶ Leroux, Etienne. 1980. *Tussengebied*. Johannesburg: Perskor.

⁷ Kannemeyer, J.C. 2008. *Leroux: ’n Lewe*. Pretoria: Protea Boekhuis.

ons nog 'n kolonie van 'n vreemde kultuur [. . .] Dan is die veronderstelling nog altyd: Engels, Duits, Nederlands, hulle is universeel; maar Afrikaans is lokaal. Alles, maar ook *alles* wat die moderne mens roer, wat sy vreugde of smart maak, moet ook in ons literatuur sy neerslag kry. (Van Wyk Louw 1936)

Uit hierdie ideaal kom die versugting voort wat hy in sy koordrama *Die Dieper Reg* (1938)⁸ verwoord:

Sal nooit 'n magtige skoonheid kom
oor jou soos die haelwit somerwolk
wat uitbloeï oor jou donker berge,
en nooit in jou 'n daad geskied
wat opklink oor die aarde en
die jare in hul onmag terge [?]

(Van Wyk Louw 1938: 8-9)

McDonald mag miskien kritiek hê op die romantiese verwoording van hierdie ideaal en daarin selfs iets van 'n wêreldvreemdheid gewaar: dat iemand ten aansien van die magtige wêreldtaal Engels naas hom so 'n ideaal kán hê in 'n tyd toe Afrikaans nog kwalik 'n literatuur gehad het om van te praat. Wat egter uit hierdie verwoording behoort te blyk, is dat Van Wyk Louw ver verby die eng nasionale ideale van politici met hul retoriek na 'n hoër niveau vir hom en sy generasie uitgereik het.

Maar ek wil ten slotte terugkeer na die primêre taak wat die skrywer van *The Literature Police* aan homself gestel het. Uit die uitstekende boek van McDonald kry die leser 'n blik op die verderflike uitwerking wat 'n rigiede sensuur op die hele geesteslewe in 'n land kan hê en hoe bekwame mense, wat as akademici werksaam behoort te gebly het, deur hul magsposisie aangetas en gekorrupteer is. Watter verliese die skrywers van hierdie land deur die verbod op hul boeke gely het, is vandag waarskynlik nie meer te bereken nie. Wat die lesende publiek deur benepe kleinlikheid en kortsigtigheid aan goeie literatuur ontnem is, kan seker ook nie meer agterhaal word nie. Laat ons hoop dat so 'n triestige stuk geskiedenis homself nie weer herhaal nie.

J.C. Kannemeyer

Universiteit van Stellenbosch
jck@absamail.co.za

⁸ Van Wyk Louw. 1938. *Die Dieper Reg*. Kaapstad: Nasionale Pers.